# Departement van Maatskaplike Ontwikkeling faal weerloses in afgesonderde gebiede

deur **Gizella Opperman LP** – Lid van die portfeulje komitee oor maatskaplike ontwikkeling

Virtualiteit laat ons soms ver verwyderd van die realiteit en die harde werklikheid op die grond. Ek wil dus in Jan Alleman se taal verduidelik hoe 4.2% inflasie die begrotingsallokasie en die besnoeiing op pro-arm programme oor ’n 3-jaar medium termyn die mees kwesbaarstes op die grond affekteer.

In my komvandaan het die mense van Hondeklipbaai, Loeriesfontein, Lepelsfontein, en Klipfontein nie SASSA kantore en dienste nie. Dit kos die SASSA toelae begunstigdes dus R1 200 vir vervoer Springbok toe of R700 na Garies om daardie karige spesjoen (pensioen) te kan trek. Spoegrivier se mense moet R800 spoeg want “mouterkarre” loop mos nie op water nie. Dit kos soebat vir die mense van Soebatsfontein vir ’n gelee na Kleinzee want ook daar is nie SASSA betaalpunte nie. Nou maak jou somme: R1 890 spesjoen minus R1 200 vervoer, krag, klerasie, kos, die doodsgenootskap-elektriek en die munisipale dienste. Al wat dan oorbly is om in ’n Cashloans ry te loop staan, op die boek te vat, of die rand op ’n rand geldhaaie te nader. Gebrek aan SASSA dienste belas die weerloostes in ons land slegs meer en hou hulle in ’n wurggreep van armoede, hongerte, en swaarkry. Waar is ons *“bring dienste nader aan die mense”* nou?

Dertig rand verhoging in die toelae van bejaardes en diegene wie met gestremdhede lewe, beteken EEN rand ’n dag by die toelae. Dit maak skaars ’n duik in die beurs van ’n bejaarde. Tien rand by die kindertoelae is 33 sent per dag. Hoe strek n mens 33 sent per dag as ’n brood al R15 kos en selfs ’n Wilson toffielekker al 50 sent is? Waar is die enigste party wat kamtig omgee vir die armes nou?

Ken jy die hartseer van die R460 kindertoelae? Voor jy hom nog in jou hande het is hy minder. Vat byvoorbeeld die mammas van Loeriesfontein wat hul geldjie trek by die enigste OTM in die dorp. Standard Bank vat R30 bankkoste en jy loop weg met net R430. Die DA pleit vir die beskerming van staatstoelae. Hoekom kan daar nie kwytskelding op bankkoste op SASSA toelaes wees nie? Ons belas die armste net verder daardeur. Daai selfde mamma loop van die bank na die enigste PEP en SPAR en onmiddelik tref die 15% BTW haar, want weereens is daai skamele sente nie vrygestel van belasting nie.

So, in werklikheid, kry ’n SASSA begunstigde nooit die volle waarde van hul toelae nie.

Al hoe meer mense staan daagliks in die welsynsry deels weens die stygende toename in Covid-verwante werkloosheid, deels weens die bizarre rampsbestuur regulasies. Statistieke bereken dat ons teen Maart 2022 meer as 18.8 miljoen SASSA begunstigdes sal hê, terwyl 31% van die bevolking reeds op maatskaplike ondersteuning is. Slegs vanaf 1994 tot 2010 het besteding op maatskaplike toelaes met meer as 577% gegroei van R13 miljard tot R88.1 miljard, ’n toename in reële terme van ongeveer 213%.

In 2020 sit ons met n R188 miljard se maatskaplike ondersteunings program. Laat ek dit pertinent stel: die DA is onapologeties gekant teen die snoei van maatskaplike ondersteuningsprogramme en 100% vir inflasiegebonde verhogings van maatskaplike toelaes. Nie die onverdedigbaar en onverskoonbare 1% verhoging wat die ANC tans gee nie.

Die DA se alternatiewe begroting sou ’n totale verhoging R30.1 miljard begroot het vir maatskaplike toelae oor 3 jaar, met geen finansiele staatsingryping vir sukkelende Staatsbeheerde Instansies (SOEs) nie.

Toenemende werkloosheid verminder ons belastingbetalersbasis en ons toelaesisteem loop die gevaar van besnoeiing soos tans die geval is. Tensy nuwe werksgeleenthede nie geskep word en ekonomiese groei nie plaasvind nie, word die toelaesisteem soos dit nou daaruitsien onvolhoubaar.

Ons probleem tans is reeds te min groei en te veel skuld. Vir elke R5 wat ons in belasting betaal, gaan R1 vir rente op ons staatskuld. Hoe meer staatskuld, hoe minder geld vir pro-arm programme soos SASSA en die Nasionale Ontwikkelings Agentskap. Dus minder spandering op maatskaplike ondersteunings programme gemoeid met vroë kinderontwikkeling, geslagsgebaseerde geweld, HIV/ VIGS, dwelmmisbruik, gemeenskaps gebaseerde organisasies (CSOs) en nie-winsgewende organisasies (NPOs).

SASSA begunstigdes gaan met 300 000 toeneem oor die medium termyn tydperk, maar die maatskaplike toelae begroting gaan met 6.8% verminder word in nominale terme, van R220.1 miljard vir 2020/21 tot R206.1 miljard vir 2023/24. Dis R14 miljard minder oor 3 jaar.

Die SASSA begroting self word met R625 miljoen gesny in 2021/22 en ’n verdere R818 miljoen in 2022/23. Sou jy egter werklike waarde en koopkrag in berekening bring, word die DSO begroting met 21.6% verminder oor die medium termyn periode. Kan iemand dus asseblief mooi verduidelik hoekom die Maatskaplike Verligting van Nood-toelae gesny word van R17.9 miljard tot R2.5 miljard en dit terwyl ’n derde vlaag van die pandemie op hande is?

Die pynvolle realiteit is die hoeveelheid geld wat ons tans spandeer op staatskuld is meer as die Maatskaplike Ontwikkeling en Gesondheids begrotings saam. Lyk ’n regering wie omgee so? Maar, soos sommige Ministers verbatim aangehaal kan word *“ons sal nie apologeties wees oor ’n R10 verhoging nie, want dis al wat ons kan bekostig”.* Aha! Al wat ons kan bekostig maar daar is onmiddelik R7 biljoen vir die Landbank, R6.1 miljard vir SAL, en R31.7 miljard vir ESKOM wat skree *“gee, gee, gee”* soos die ou testamentiese bloedsuier van Spreuke 30:15.

Die Nasionale Ontwikkelingsagentskap is getaak met die direkte mandaat van die uitwissing van armoede en die redes vir armoede deur die bemagtiging van gemeenskaps gebaseerde organisasies (CSO). Hulle primere doel is die vermindering van armoede, werkloosheid en ongelykheid. Maar waar is die agentskap as die landelike areas geen kennis dra van hulle nie en as amper 2 in 4 mense nie werk het nie, 55.5% van alle Suid-Afrikaners onder die broodlyn lewe, en 12 miljoen mense nie toegang het tot voldoende voedsame kos nie? En waar is die geleenthede wat die mandaat van praat en waarin mense bemagtigende lewens kan lei waarin hulle volle potensiaal verwesenlik kan word? Meer mense ly nou aan armoed verwante hongersnood, terwyl die agentskap se voetspoor in die arm verafgeleë landelike gebiede soos Loeriesfontein waar ek woon absoluut nie bestaande is.

Die volgende is wat my pla en dan is ek klaar:

- Die Nasionale Ontwikkelingsagentskap soek tans R102.2 miljoen om gemeenskapsgebaseerde organisasies te bemagtig om die effek van Covid-19 op arm gemeenskappe teen te werk, maar nie alle NOA kontrakte is gelys op hul voorsieningsbestuurs plan nie;
- Daar is geen prestasiemonitering in die agentskap nie en die onreëlmatige uitgawes styg en styg en styg terwyl min ondersoeke van vroeër jare al afgehandel is;

- Die Department vir Maatskaplike Ontwikkeling se eie prestasiemoniteringsbeleid is laas in Maart 2012 opgedateer en hul werwingsbeleid was nog laas in Oktober 2014 onder oë;
- Intussen kon die Departement se R666 miljoen inkomste nie sy koffers kry nie, en R983 miljoen is verloor deur opgeblase prysverhogings vir goedere en dienste;
- Die Departement sukkel om skuld in te vorder en hul skuldbalans het vergroot omrede die Maatskaplike Verligting van Nood Toelae (SRD) oorbetalings verkeerdelik te veel aan begunstigdes wie nie daarvoor kwalifiseer het nie, gemaak is; en
- Die Maatskaplike Verligting van Nood-kospakkies, en vouchers was ook nie gedoen in lyn met die korrekte beleid en prosedure nie en het daartoe gelei dat verkeerde begunstigdes hulp ontvang het.